# F. K. EN D. S. MARÉ — TWEE BROERS, TWEE LANDDROSTE IN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK

Frederik Korsten Maré en sy jonger broer Dietlof Siegfried Maré was albei vir baie jare landdroste in die Suid-Afrikaanse Republiek, eersgenoemde van Heidelberg in Transvaal en laasgenoemde van Soutpansbergdistrik. Hul stamvader Ignace Maré was 'n Franse vlugteling wat in die jaar 1700 as wewenaar in Kaapstad aangekom het. Op 7 Februarie 1706 is hy getroud met Susanna van Vuuren en uit hierdie huwelik is nege kinders gebore. Hul jongste kind, Ignatius, wat op 14 Augustus 1729 gedoop is, was 'n burger van Drakenstein. Hy was drie keer getroud. Uit sy eerste huwelik, met Margaretha Roux, was daar tien kinders. Die sewende, Paulus Maré, is op 7 Julie 1767 op Stellenbosch gebore. Hy is twee keer getroud, in 1790 met Susanna Elizabeth Fourie en in 1796 met Johanna Magdalena Pretorius. Laasgenoemde was 'n niggie van kmdt.-genl. Andries Pretorius, die held van Bloedrivier.[1]


Paul Maré was 'n burger van Stellenbosch. Later het hy na Graaff-Reinet verhuis waar hy van 1804 tot 1814 'n heemraadslid was. In hierdie tyd het hy by vier verskillende geleenthede as landdros waargeneem, in April 1808, Oktober 1808, Julie 1812 en Januarie 1814. Teen ongeveer 1814 het hy hom in die distrik Uitenhage, op die plaas Zwartkopsrivier gaan vestig.

Uit sy eerste huwelik is drie kinders gebore en uit die tweede veertien. Frederik (Frikkie) Korsten[2] en Dietlof Siegfried[3] was sy twee jongste kinders en is onderskeidelik op 27 November 1821 en 27 Mei 1824, gebore. Hul skoolopleiding het hulle in Algoabaai ontvang.

In 1838 het Paul Maré besluit om die Kaapkolonie te verlaat en hom in Natal te gaan vestig. Vyf van sy kinders het hom vergesel. Die trek het uit 'n aantal familie en vriende uit die distrikte Uitenhage en Graaff-Reinet bestaan en Paul Maré was blykbaar die leier van die groep.[4] In die distrik Bethlehem in die Oranje-Vrystaat het hy voor die wiel van 'n

---

1. Volgens 'n berig in *Die Brandwag van* 10 Des. 1916, p. 198, was Johanna Pretorius „'n eie suster van Kommandant-Generaal Andries Pretorius". Dit is foutief. Haar vader was Wynand Pretorius, 'n ouer broer van M. W. Pretorius, die vader van Andries. Vgl. C. C. de Villiers-C. Pama: *Geslagsregisters van die ou Kaapse Families,* deel II, p. 733.
2. De Villiers-Pama gee sy tweede naam verkeerdelik aan as Kirsten. Ibid., deel II, p. 536.
3. In die doopregister van die gemeente Uitenhage is sy voorname *Didelof Sichfriet.* De Villiers-Pama gee sy name aan as *Diedelof Sigfried.* Ibid., deel II, p. 536. Hy self het dit altyd *Dietlof Siegfried* geskryf. Hy is vernoem na baron D. S. von Schönveld, eggenoot van sy jongste suster.
4. In die *Zoutpansberg Review* van 7 Sept. 1956 word beweer dat Paul Maré saam met die trek van Andries Pretorius die Kolonie verlaat het. In *Die Brandwag* van 10 Des. 1916, p. 202, word weer beweer dat hy saam met die Trek van Piet Retief die Kolonie verlaat het. Beide berigte is foutief. Paul Maré se trek was Pretorius s'n 'n paar maande vooruit. Op 25 Okt. 1838 het hulle hul by die Trekkers aan die Klein Tugela aangesluit terwyl Andries Pretorius eers op 22 Nov. daar aangekom het. Sy Trek was toe nog in die Vrystaat. Vgl. *Dagboek van Erasmus Smit,* G. Preller: *Voortrekkermense,* deel II, pp. 247 en 252.




*Federik Korsten Maré, Landdros van Heidelberg (Tvl.),*
1866-1878 *en* 1882-1895.
*(Foto: Staatsargief, Pretoria).*

skotskar, wat agter sy wa vasgemaak was, beland en is só ernstig beseer dat hy enkele dae daarna gesterf het. Hy is op die plaas Liebenbergsvlei by 'n aantal kinders, wat vroeër daar aan masels oorlede is, begrawe.[5] Sy weduwee, Johanna Maré, het die trek voortgesit en op 25 Oktober 1838 by die laer van Gert Maritz aan die Klein Tugela, aangekom. Toe kmdt-genl. Andries Pretorius ongeveer 'n maand later met 'n kommando teen Dingaan opgetrek het, het Jacob Philip, een van Paulus se kinders, hom

5. Op 'n marmertablet wat deur die skoolkinders van Bethlehem in 1938 by die kindergrafte aangebring is, word beweer dat hulle in Retief se laer oorlede is. Op 2 Nov. 1893 het twee van Paulus Maré se kleinkinders, 'n gedenknaald op sy graf laat oprig.

vergesel.[6] Na die slag van Bloedrivier het die weduwee Maré en haar kinders hulle in Pietermaritzburg gaan vestig. In 1842 het Frederik en Dietlof albei in die slag van Congella teen die Britse troepe geveg.

In 1845 is Frederik met Johanne Helena Josina van Niekerk getroud. Sy is op 17 November 1827 in Graaff-Reinet gebore.[7] Uit hierdie huwelik is meer as elf kinders gebore.[8]

Dit is nie seker wanneer Frederik Maré na Transvaal verhuis het nie. Op 19 Julie 1861 is hy as landdros van Pretoria aangestel en op 3 November 1863 het hy weer eervolle ontslag uit dié amp ontvang. 'n Jaar later is hy benoem tot lid van die skoolkommissie van Pretoria. Op 20 Junie 1865 word hy waarnemende landdros van Wakkerstroom en op 10 Julie 1866 word hy aangestel as eerste landdros van Heidelberg.

Na die anneksasie van Transvaal het hy geweier om die eed van getrouheid aan die Britse Regering af te lê en moes in Maart 1878 bedank as landdros. Hy is opgevolg deur H. J. F. Ueckermann. In April 1882 is hy weer tot landdros verkies en hy het dié amp tot met sy dood in 1895 beklee.

F. K. Maré was 'n bekwame amptenaar en het sy vele administratiewe verpligtings met nougesetheid nagekom. Heidelberg self was nie 'n groot dorp nie, maar die landdros moes 'n groot gebied bedien. Die dorpies Vereeniging, Nigel en Elandsfontein en die delwerye aan die Witwatersrand het ook onder hom geval. Veral die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het sy pligte aansienlik vermeerder. In 1886 het Johannesburg egter sy eie landdros gekry.

In 1888 is Maré as „claiminspecteur" van Malanskraal aangestel en in 1889 as spesiale landdros van die Heidelbergse goudvelde. As landdros was hy ook verantwoordelik vir die insameling van belastings. Dit was eers na sy dood dat 'n aparte amptenaar (siviele kommissaris) vir dié doel, op Heidelberg aangestel is.

Op onderwysgebied het Maré hom ook onderskei. Die eerste skoolkommissie op Heidelberg is in 1868 onder sy leiding saamgestel. Hy was tot en met sy dood 'n lid van die skoolkommissie en het soms as voorsitter gedien. Hy het hom veral beywer vir die onderrig van die Hollandse taal. In 1888 het hy 'n stuk grond vir die oprigting van 'n nuwe skoolgebou geskenk „met dien verstande dat de Hollandsche taal daarin zal worden onderwezen".[9] Vandag staan die Engelse skool op hierdie stuk grond.

---

6. In *Die Brandwag*, 10 Des. 1916, p. 202 en in die *Zoutpansberg Review*, 7 Sept. 1956, p. 5, word beweer dat Frikkie Maré aan die slag van Bloedrivier deelgeneem het. In 'n kort herinnering wat hy kort voor sy dood geskryf het, beweer Frikkie egter dat sy broer Jacob aan die slag van Bloedrivier deelgeneem het. Vgl. *De Volksstem*, 16 Jan. 1895.
7. Haar vader was Jacobus Gustavus van Niekerk en haar moeder se nooiensvan was Pietersen. Lg. het as 'n weduwee saam met die trek van Piet Retief na Natal gegaan.
8. In sy boedel word die name van 10 kinders (6 seuns en 4 dogters) genoem en in die ou begraafplaas op Heidelberg is die graf van nog 'n dogter wat klein oorlede is. Blykbaar was daar nog kinders wat klein oorlede is.
9. *Notulen van de Plaatselijke Schoolcommissie, district Heidelberg*, p. 205.

Maré was 'n lidmaat van die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika. Die Hervormde gemeente op Heidelberg is in 1865 gestig en in 1868 het ds. N. J. van Warmelo van Soutpansberg 'n beroep daarheen aanvaar. 'n Pastorie moes vir die nuwe leraar gebou word en op sy voorstel is F. K. Maré benoem om saam met hom die boukommissie te vorm.

Met die vereniging van die Nederduitse Hervormde en Nederduitse Gereformeerde Kerke in 1885 wou F. K. Maré nie met die vereniging saamgaan nie. In die herorganisering van die Nederduitse Hervormde gemeente op Heidelberg het hy 'n belangrike rol gespeel.

Op 5 Januarie 1895 is hy na 'n kort siekbed van agt dae oorlede.[10] Twee dae later is hy in die ou begraafplaas in die Kloof op Heidelberg ter ruste gelê. Die laaste dag wat hy op kantoor was, het hy begin om sy herinneringe in verband met die Groot Trek neer te skrywe, maar het, waarskynlik as gevolg van sy siekte, nie ver daarmee gevorder nie. Na sy dood is sy boedel op R13,636·00 bereken.

Sy eggenote, Johanna Helena Josina Maré, het hom oorlewe en met haar dood op 27 Januarie 1921 is sy langs hom begrawe.

Dietlof Siegfried Maré het hom na die slag van Bloedrivier as wamaker in Pietermaritzburg gevestig. Op 23 Februarie 1848 is hy deur pastor J. L. Döhne, met die twintigjarige Johanna (Hannie) Elizabeth Kruger, in die huwelik bevestig.[11] Sy was 'n dogter van Pieter Ernst Kruger en Maria (Mietha) Magdalena Mynhardt. Laasgenoemde het as weduwee saam met die Trek van Gert Maritz gegaan en het in die laer as onderwyseres diens gedoen. Hannie Kruger was 'n besonder skrander vrou en het selfs 'n studie van regte gemaak. Later kon sy haar man tot groot hulp wees in sy amp as landdros.

Na sy troue het Dietlof Maré hom op die handel toegelê en het spoedig 'n welgestelde man geword. Hy het 'n groot aantal jagters in Schoemansdal, Noord-Transvaal, gehad en die opbrengs van die jag, veral ivoor, is met waens na Pietermaritzburg vervoer. Die huis waarin hy gewoon het, bekend as „The Oaks", was een van die grootste en beste huise in Pietermaritzburg en waarskynlik dié een wat vroeër aan sir Henry Cloete behoort het. Dit het aan Nelstraat (tans Commercialweg) gegrens, tussen Burger- en Loopstraat.[12] Aan sy vrou het Maré 'n karretjie van gevlegde rottang en 'n blou-skimmel perd gegee waarmee sy in Pietermaritzburg kon ry. Aan sy oudste dogter, Maria, het hy op haar twaalfde verjaarsdag 'n klavier gegee wat hy uit Parys bestel het.

Dietlof was nie net 'n vooraanstaande sakeman nie maar ook 'n getroue kerkganger. Vir 'n lang tyd het hy as kerkraadslid van die N.G.

10. Op sy grafsteen en in 'n berig wat sy weduwee in *De Volksstem* van 19 Januarie 1895 geplaas het, word die datum van sy dood as 4 Jan. aangegee. In *De Volksstem van* 16 Jan. en in sy boedel word die datum waarop hy oorlede is as 5 Jan. aangegee. Hy is in die nag van 4-5 Jan. oorlede, waarskynlik ongeveer 12-uur. Vgl. *De Volksstem*, 9 Jan. 1895.
11. In die huweliksregister is sy van *Marais* en dié van sy vrou *Krieger* geskryf.
12. By die aktekantoor in Pietermaritzburg kon ek geen bevestiging verkry dat Maré ooit hierdie eiendom besit of gehuur het nie.

gemeente gedien en was veral goed bevriend met ds. Huet, wat ook vir 'n tyd by hulle in die huis gewoon het. In 1864 het Dietlof en sy suster Aletta Hansmeyer, 'n klok aan die nuwe kerkgebou, wat op 7 April 1861 in gebruik geneem is, geskenk.[13]



*Dietlof Siegfried Maré, Landdros van Soutpansberg,* 1870-1876 *en* 1884-1890.

Teen ongeveer 1864 het sake begin skeef loop met Maré se besigheid op Schoemansdal. Hy is persoonlik daarheen om ondersoek in te stel en het besluit om hom permanent daar te vestig. In 1865 het sy vrou en kinders ook daarheen verhuis.

Op Schoemansdal was ds. N. J. van Warmelo die leraar van die Nederduitse Hervormde gemeente. Die Marés het lidmate van sy gemeente

13. Nadat hierdie kerk in 1955 gesloop is, is die klok by die Geloftesaal opgerig en dit is nog in diens. Die name van die skenkers staan nog op die klok.

geword en in 1867 is hy met Maria, die oudste dogter van Maré getroud. Met eerw. Stéfanus Hofmeyr, die sendeling van die Kaapse Kerk in Soutpansberg, het Maré ook 'n intieme vriendskapsband gehandhaaf. Ten spyte van sy vriendskap en verwantskap met ds. Van Wermelo was sy huis feitlik die enigste op Schoemansdal wat vir Hofmeyr oopgestaan het. Selfs nadat Maré na Marabastad verhuis het, was Hofmeyr nog altyd 'n gereelde en welkome gas in sy huis. Daar het hy ook aan Hofmeyr twee erwe aangebied vir die sending, met die versoek dat Hofmeyr vir Marabastad 'n sendeling uit die Kaapkolonie moes kry. In ongeveer hierdie tyd het die Marés weer lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geword.

Ds. Van Warmelo het die saak van die onderwys op die hart gedra en het kort na sy aankoms op Schoemansdal met 'n skool begin. In 1866 is 'n skoolkommissie gekies waarvan Dietlof Maré 'n lid was en 'n nuwe skoolgebou is opgerig. Die onderwyser was Cornelis van Boeschoten, die later onder-staatsekretaris.

Die jaar 1865 was vir die inwoners van Soutpansberg 'n rampspoedige jaar. Vroeg in Maart het 'n epidemie van die gevreesde malaria verskeie slagoffers geëis en kort daarna het naturelle-onluste uitgebreek. Die vernaamste oorsake van die onluste was die inmenging van sommige blankes in die twiste van die verskillende Bantoestamme en die weiering van Bantoejagters om hul jaggewere terug te gee. Jagtogte kon nie meer onderneem word nie en die handel het tot stilstand gekom. Vir ses maande moes die blankes in die skans op die dorp gaan skuiling soek en elke dag in die vrees lewe dat hulel huis die volgende sou wees om afgebrand te word. Dietlof Maré is tot laerkommandant benoem en het sy pligte baie ernstig opgeneem. Rondom die skans, agt treë van die muur af, het hy 'n heining van doringtakke laat inplant. Geen sterk drank is in die skans toegelaat nie en elkè aand voor nege-uur moes almal in die skans wees. Om die veewagters van die vyand te onderskei, is aan hulle passe gegee.

Die naturelle se statte was op afgeleë plekke teen die hange van die Soutpansberg gebou en hulle was met gewere bewapen. Vir die inwoners van Schoemansdal was dit onmoontlik om alleen die stryd teen hulle aan te knoop. Die Regering kon ook geen hulp stuur nie.

Toe hulp uiteindelik in 1866 opgedaag het, het die spanning in Soutpansbergdistrik reeds afgeneem omdat die naturelle onderling begin twis het. In 1867 het onluste weer opgevlam. Saam met twee ander persone (A. P. Duvenhage en B. J. Vorster) is D. S. Maré afgevaardig om hul saak aan die Uitvoerende Raad voor te lê.

Komdt.-genl. Paul Kruger is met 'n kommando daarheen gestuur en nadat die posisie van die dorp in oënskou geneem is, het die Krygsraad besluit dat Schoemansdal ontruim moes word. Op Vrydag 12 Julie is bevel gegee dat almal op Maandag 15 Julie 1867 gereed moet wees om na 'n veiliger plek te verhuis.

Oor hierdie besluit was die inwoners van Schoemansdal baie verbitterd. Dietlof Maré wat toe die volksraadslid vir Soutpansberg was, het op 7 September 1867 'n lang brief aan die President en lede van die Volksraad geskryf waarin hy hulle lot bekla het. „Het smart my te moeten erkennen de onverantwoordelyke handelwyzen van den Krygsraad, die op eene zoo lafhartige wyse het dorp Schoemansdal aan de verwoesting heeft prys gegeven, zonder eenige ernstige poging om den vyand ten onder te brengen".[14]

Na 'n lang trek, wat etlike maande geduur het,[15] het die meeste van die inwoners van Schoemansdal hulle op Marabastad (tans Eerstegoud), nege myl suid van die huidige Pietersburg, gaan vestig. In 1870 het die inwoners van Piet Potgietersrust, as gevolg van 'n kwaai koorsepidemie op dié dorp, hulle ook op Marabastad gaan vestig.

Op Marabastad is dadelik begin met die bou van 'n pastorie en 'n tydelike kerkgebou. Die Maré-familie het by ds. Van Warmelo in die pastorie gewoon. Nadat laasgenoemde na Heidelberg verhuis het, het Maré toestemming verkry om nog die pastorie te bewoon, op voorwaarde dat hy 'n kamer vir besoekende predikante moes oop hou. Cornelis van Boeschoten se skool het ook weer gebloei. Aanvanklik is die skool in die tydelike kerkgebou gehou, maar omdat dit te bouvallig geword het, is die skool en kerk vanaf Augustus 1871 in die waenhuis van Maré gehou. Hy het sy waenhuis vir dié doel afgestaan op voorwaarde dat hy nog langer in die pastorie mag woon.

Op 12 Maart 1870 het die Uitvoerende Raad besluit om die landdroskantoor van Soutpansberkdistrik van Piet Potgietersrust na Marabastad te verskuif en om D. S. Maré tot waarnemende landdros te benoem. Op 12 September 1870 is hy permanent in dié amp aangestel.[16]

Op finansiële gebied het dit met hom nou weer goed gegaan. Op 12 September 1871 het hy die plaas Wildebeestfontein, wat 6,760 morg groot is, aangekoop en in Januarie 1874 dié gedeelte van die plaas Zandrivier waarop Marabastad geleë was. Die grond en pastorie wat aan die Hervormde gemeente behoort het, was ook hierby ingesluit.

In 1871 is begin met die ontginning van goud by Eersteling naby Marabastad en in die daaropvolgende jaar, is D. S. Maré benoem tot eerste goudkommissaris in die Suid-Afrikaanse Republiek.

In September 1876 het 'n direkteur van die Transvaalse Goudmynmaatskappy, J. W. Weatherley, 'n klagte teen Maré by die Uitvoerende Raad ingedien dat hy sy pligte as landdros nie na behore nagekom het nie. Twee werknemers van die maatskappy is deur die landdros aan

14. R. 933/67.
15. In sy *Memoirs*, p. 102, beweer G. G. Munnik dat die trek vir ongeveer vyf maande in Malietsiesland en vir meer as 'n jaar op die plaas Sterkloop, waar Pietersburg tans geleë is, gestaan het. Die trek kon egter nie so lank geduur het nie. Ds. Van Warmelo het sy afskeidspreek op Marabastad op 31 Mei 1868 gehou. Sy pastorie daar was toe al in gebruik.
16. Die oorspronklike aanstellingsbrief is te sien in die munisipale kantoor op Pietersburg.

diefstal skuldig bevind en is onderskeidelik tot een en twee maande tronkstraf gevonnis. Terwyl hulle in die tronk was, is die deure van hulle selle nie gesluit nie en hulle kon besoekers ontvang en selfs die tronk verlaat om inkopies te doen. Een van hulle was 'n skrynwerker en is toegelaat om vir sy eie voordeel voort te gaan met sy werk en om sy sel vir homself gerieflik te maak. Op 19 Oktober is die klag deur die Uitvoerende Raad behandel en Maré is uit sy amp ontslaan.

Op 14 Augustus 1874 is Dietlof Maré se eggenote, Hannie, oorlede en twee jaar later is hy weer getroud met Carolina Augusta Eberhart, 'n jong meisie wat op 2 Julie 1856 op Schoemansdal gebore is. Uit sy eerste huwelik is vir Maré sestien kinders gebore en uit die tweede ses. Altesaam het hy dus twee en twintig kinders gehad.[17]

Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog het 'n Britse mag op Maré se plaas, Zandrivier, gekamp. Oorkant die riviertjie, teen 'n koppie het hulle 'n skans gebou. Op 3 Maart 1881 was daar 'n geveg tussen die Transvalers en die Engelse op dié plaas en terwyl die koeëls deur die rietdak van die huis gefluit het, het Carolina Maré die lewe aan 'n seun, Dietlof Siegfried von Schönveld Maré, geskenk. Kort daarna, op 'n Sondagmôre, het die Engelse die buitegeboue van die plaas verwoes en die vrugtebome afgekap. Die woonhuis is gespaar omdat mev. Maré, wat toe nog in die bed was, geweier het om die huis te verlaat.

In 1884 is D. S. Maré weer tot landdros van Soutpansberg verkies. Op 21 Julie 1886 het die Volksraad besluit dat die landdroskantoor van Marabastad na Pietersburg verskuif moes word. Maré het hom toe op Pietersburg gaan vestig daar hy op 27 Junie 1890 op ses en sestigjarige ouderdom oorlede is. Hy is op sy plaas, Zandrivier, langs sy eerste eggenote begrawe.[18] Die waarde van sy boedel is gestel op R24,162.

G. G. Munnik, wat hom as landdros van Soutpansberg opgevolg het, het getuig dat hy die landdroskantoor op Pietersburg in 'n uitstekende toestand gevind het. „The only thing that puzzled me was that in Mr. Maré's safe I found several small amounts wrapped up in scraps of paper, 'lappies', etc. So I made a list of them and deposited them in a lump sum to the credit of the Government. In the course of time everything was explained. For instance, £6 odd was the salary of two constables that the Landdrost had dismissed for misconduct; another item of 10c. belonged to a man called Andries van Tonder, who had to pay 17s. 6d. quitrent, and being 7s. 6d. short, asked the Landdrost to look after the 10s. for him".[19]

So het hierdie twee broers, Frederik Korsten en Dietlof Siegfried Maré, in 'n tyd toe daar min geleerde manne in Transvaal was, met hul kennis van administratiewe pligte en hul deeglikheid 'n onskatbare diens aan die ou Suid-Afrikaanse Republiek gelewer. R. T. J. Lombard.

17. In 'n geslagsregister wat deur mev. D. S. Maré van Pietersburg opgestel is, word melding gemaak van nog twee kinders van sy eerste eggenote, wat dood gebore is. Hierdie kinders word in geen ander bronne genoem nie. Indien hulle bygetel word, het D. S. Maré dus 24 kinders gehad.
18. Sy tweede eggenote is op 23 Maart 1903 weer getroud met Henry Arthur Chapman.
19. G. G. Munnik: *Memoirs*, p. 124.